# Ons kyk terug én vorentoe

14 Augustus 2026

Alana Bailey

Op 14 Augustus 1875 is die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die Paarl gestig. Dit was die begin van die ontwikkeling van Afrikaans tot hoëfunksievlak deur die standaardisering daarvan.



*Embleem van die Genootskap van Regte Afrikaners (Foto: Wikipedia)*

Deesdae is daar aanslae op gehalte op vele lewensterreine en standaardtaal spring nie hiervan vry nie. Dit sou sogenaamd elitisties wees om een variasie van taal as verhewe bo ander te beskou. Tog word taal juis gestandaardiseer om te verseker dat duidelike, algemeen verstaanbare kommunikasie oor verskillende streke, kulture en kontekste moontlik sal wees om misverstande te verminder en samewerking in onderwys, besigheid en bestuur moontlik te maak.

**Hoërfunksies**

As die GRA se manne en diegene wat in hulle spore gevolg het, nie moeite gedoen het om hierdie teiken te bereik nie, was Afrikaans nie een van slegs vyf tale ter wêreld wat hoëfunksiestatus in die 20ste eeu bereik het nie.

Met hoëfunksiestatus word bedoel dat ’n taal tot op die hoogste akademiese vlak in alle vakgebiede en op alle terreine gebruik kan word om te kommunikeer. Die eerste mylpaal op hierdie weg, was toe DF Malherbe as hoogleraar in tale verbonde aan die Grey-Universiteitskollege te Bloemfontein op 2 Augustus 1918 die volgende nota opgeplak het: “Kennisgewing: Studente word tans toegelaat om Afrikaans als medium te gebruik bij alle eksamens…” Hierna het die aanbod van Afrikaanse onderrig aan universiteite en kolleges landswyd uitgebrei.

**Politieke druk**

Vanaf 1994 het die politieke druk op enkelmedium Afrikaanse onderriginstellings om te verengels, stelselmatig al skerper toegeneem. Aanvanklik is die suikerpil by van dié instellings gebruik om parallelmedium Afrikaanse en Engelse onderrig aan te bied, en groot beloftes is oor die ontwikkeling van ander inheemse Suid-Afrikaanse tale gemaak.

In 2015 het die *Rhodes must fall*-beweging ernstige onrus op kampusse tot gevolg gehad en spoedig in meer studenteprotesbewegings ontwikkel, insluitend *Fees must fall* en helaas ook *Afrikaans must fall*. Universiteite wat besig was om hulle taalbeleide te hersien, het geswig en Engels tot primêre (of in sommige gevalle enigste) taal van onderrig verklaar. Vanaf 2016 – 'n dekade gelede – het hofstryde teen die taalbeleide van die Universiteite van die Vrystaat, Pretoria, Stellenbosch en Suid-Afrika gevolg. Met die uitsondering van die saak van AfriForum teen die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa) se taalbeleid wat uiteindelik in die Konstitusionele Hof aangehoor is, het die ander regsprosesse nie positief vir Afrikaans geëindig nie.



*Die Witwatersrand Universiteit op 6 Oktober 2016 tydens #FeesMustFall-betogings wat deel gevorm het van die breër Fallist-bewegings in Suid-Afrikaanse universiteite rondom 2015. (Foto: MARCO LONGARI/AFP)*

**Lesse teen verengelsing**

Die verhaal van hierdie hofsake verdien om neergepen te word. Vir die betrokkenes was dit lang en dikwels ook emosioneel-uitputtende aksies. Dit was 'n leerproses en interessant genoeg, nie net plaaslik nie, maar ook vir taalaktiviste en akademici in die buiteland, byvoorbeeld in Italië en Nederland waar sprekers van die plaaslike tale hulle ook tot die howe gewend het om hulle universiteite teen verengelsing te beskerm.

Van die lesse wat geleer is, was onder meer die volgende:

1. 'n Papierspoor van teenstand teen die verengelsing, notules van strukture se vergaderings en rekordhouding van openbare raadpleging oor taalbeleide is noodsaaklik.
2. Moenie die vlakke waarheen teenstanders van Afrikaans sal daal, onderskat nie. Ons het te make gehad met klankopnames van vergaderings wat onverklaarbaar verdwyn het en betrokkenes wat gedreig is met ontslag. Mense het selfs agterkom hulle e-pos word gemonitor. Dit was 'n ontnugtering.
3. Vergrype in die land gebeur weens intimidasie wat mense wat standpunt daarteen moet inneem, uit vrees vir viktimisering laat swyg. Fluitjieblasers moet beter beskerm word.
4. Howe kan ook intimideer, maar as die motief vir 'n saak suiwer is, moet die applikante en regspan hulle nie laat keer nie. In die hooggeregshofsaak van AfriForum teen Unisa se taalbeleid, het die regter haar skerp oor haar minagting vir AfriForum uitgespreek en

uitspraak teen die applikante gelewer. Die Hoogste Hof van Appèl en die Konstitusionele Hof het egter uitspraak ten gunste van AfriForum en die ander applikante gelewer.

5. In die uitspraak van die drie regters wat die hooggeregshofsaak teen die Universiteit van die Vrystaat se taalbeleid aangehoor het, is belangrike feite geopper wat nog nie genoegsaam in opvolgende sake en in die regspraak oor taalregte oor die algemeen verreken is nie. Dit is naamlik in die eerste plek dat ŉ universiteit se rol is om mense vir professionele diens aan hulle gemeenskappe voor te berei en daardie dienste kan ten beste in die gemeenskappe se eie tale gelewer word. Universiteite moet meer fokus op die diensverskaffers wat hulle aan plaaslike gemeenskappe aflewer, in plaas daarvan om internasionale passings vir hulle studente na te jaag. Dit is ook ŉ beginsel waaraan Naledi Pandor moet dink wanneer sy die bou van ŉ Afrikaanse universiteit kritiseer.

Tweedens dat die skrywers van die Grondwet geweet het dat leerruimtes waar onderrig in Afrikaans geskied, oorwegend deur bruin en wit leerders en studente gevul sal word, teenoor ruimtes vir onderrig in ander inheemse Suid-Afrikaanse tale wat oorwegend deur swart leerders en studente gevul sal word. Tog het hulle in die Grondwet erkenning gegee vir enkelmedium onderriginstellings. Enige bewerings dat sodanige ruimtes rassisties is, druis dus teen die Grondwet se bepalings in.

6. Suid-Afrikaanse burgers verstaan nog nie werklik wat taalregte is nie. Oor die afgelope dekade het die kennis daaroor begin uitbrei, maar ons – insluitend die regbank – het nog baie om te leer.
7. Afrikaans word steeds deur sommige as "apartheidstaal" en taal van wit sprekers beskou, al kan geen taal vir die dade van haar sprekers aanspreeklik gehou word nie en al het sensusopnames bewys dat die meeste Afrikaanssprekendes nie wit is nie.

**Gevolge van die taalregstryd**

Die gevolge van die universiteite se taalbeleidhofsake moet ook nog in fynbesonderhede ontleed word.

Die mees ooglopende is dat regspraak oor taal aangegroei het. Vir Suid-Afrikaanse tale oor die algemeen het dit ook ruimte geskep vir regters se sterk standpuntinname. In 2017 het hoofregter Mogoeng Mogoeng wederregtelik in die media aangekondig dat Engels voortaan die enigste taal van rekord in howe sou wees. Regter (tans hoofregter) Mandisa Maya het die Hoogste Hof van Appèl se uitspraak in die Unisa-saak in beide Engels en Xhosa geskryf – dit was die eerste opgetekende uitspraak van ŉ hoër hof wat in Xhosa geskryf is. Daarna het regter Steven Majiedt haar voorbeeld gevolg en die Konstitusionele Hof se uitspraak in dieselfde saak in beide Engels en Afrikaans geskryf.

Sedertdien klink al meer stemme ten gunste van ŉ ommekeer van hoofregter Mogoeng se instruksie op, byvoorbeeld dié van die adjunkminister van justisie, Andries Nel, tydens ŉ lesing by die Universiteit van Mpumalanga op 28 Julie vanjaar.

Vir Afrikaans is die belangrikste uitvloeisel van die Unisa-saak in die Konstitusionele Hof se uitspraak dat Afrikaans ŉ inheemse taal is. Belaglik genoeg het verskeie ministers, staatsdepartemente en meningsvormers in die verlede dié status bevraagteken, maar ná die uitspraak is daar gesag van die hoogste hof in die land wat die taal se inheemse status bevestig.




*Die konstitusionele hof. (Argieffoto: Ashraf Hendricks)*

**Ná *Afrikaans must fall***

Ná ŉ dekade kyk universiteite opnuut na die gevolge van hulle besluit om Afrikaans as taal van onderrig uit te faseer.

Die onderneming van 2016 dat kampusgeweld sal stop sodra Afrikaans as onderrigtaal verdwyn, hou nie water nie. Kwessies soos studieskuld en toelating het steeds sporadiese onluste op kampusse tot gevolg.

Wat taal aanbetref, word gestoei om nie-Engelssprekende studente te bemagtig. By die Universiteit van die Vrystaat is ŉ "Akademie vir Meertaligheid" op die been gebring om die universiteit se taalaanbod te verbreed. Die jongste konseptaalbeleid van die Universiteit van Stellenbosch skep ook meer ruimte vir Afrikaanse onderrig. Die Universiteit van Pretoria is tans besig om hulle taalbeleid te hersien en het vir die eerste keer in meer as ŉ dekade deeglike navorsing oor studente se taalbehoeftes gedoen.

ŉ Woordvoerder het die bevinding oor Afrikaans soos volg opgesom: "Al verdwyn die aanbod, verdwyn die behoefte nie". Afrikaanssprekende studente het behoefte aan Afrikaanse onderrig en daarom het vele aanvanklik in Noordwes-Universiteit ŉ tuiste gevind, maar kies hulle toenemend om by Akademia te studeer, na gelang dié privaat instelling se geakkrediteerde studie-aanbod uitbrei. Die universiteite wat verengels het, het nie alleen alumni se kosbare steun verloor nie, maar ook belowende jong studente.




*Ter illustrasie van Akademia (Foto: Facebook/Akademia)*

**Groter tragedie**

Die groter tragedie is dat daar van die beloftes om die ander inheemse Suid-Afrikaanse tale uit te brei en te bevorder, weinig meer as veeltalige aanwysingsborde op kampusse gekom het. Hierdie uitdaging wag nog op akademici én sprekers.

Die gevolgtrekking is dus dat Afrikaans soos 'n waterstroom haar nie laat inperk nie. Waar een keerwal gegooi word, spoel dit nuwe bane oop vir haar sprekers en spring 'n Gideonsbende telkens aan die werk om die taal lewendig te hou.

Ons moet dus nie moedeloos wonder oor die toekoms van ons taal op 14 Augustus 2026 nie, maar eerder die uitdaging aanvaar om ons by die Gideonsbende te voeg en 'n toekomspad vir ons taal te help bou.

*Hierdie plasing is deur 'n onafhanklike persoon of onderneming saamgestel. Die menings en standpunte wat in hierdie skrywe uitgespreek word, is nie noodwendig die beleid of standpunt van Maroela Media se redakteurs, direksie of aandeelhouers nie. –Red*

## Meer oor die skrywer: Alana Bailey

Alana Bailey is lid van die Afrikaanse Taalraad en adjunk uitvoerende hoof van AfriForum (verantwoordelik vir internasionale skakeling, taal en kultuur).

Deel van: Afrikaans, Meningsvormers

Genootskap van Regte Afrikaners

## Een kommentaar

**annie** · *3 dae gelede*

'n Dapper poging van Bailey, maar die getalle-oorwig tel teen Afrikaners. Wat reg en volgens wet is, word nie op deeske aarde gevolg nie vandaar howe en daar wen die wet nie noodwendig nie. Om eers jou regte af te staan en dan weer terug te probeer wen, is dwaas. Die 1994-De Klerk-valstrik het Afrikaners aan die slaap oorval. 'Baby it is too late now'… draal die Engelse deuntjie.

O wee, die gesang is uit! Die kommentaar op hierdie berig is gesluit. Kom kuier gerus lekker verder saam op 'n ander artikel.

**Volg ons:**

Maroela Media vertoon met trots die "FAIR"-stempel van die Persraad van Suid-Afrika, wat ons toewyding aandui om aan die Perskode vir Etiek en Gedrag vir die Suid-Afrikaanse druk- en aanlyn media te voldoen. Hierdie kode bepaal dat ons beriggewing getrou, akkuraat en regverdig is. Indien jy 'n klag oor ons nuusverslaggewing wil indien, dien asseblief 'n klag in op die Persraad se webwerf, www.presscouncil.org.za, of stuur die klag na enquiries@ombudsman.org.za. Kontak die Persraad by 011 484 3612.

© 2011 - 2026 Maroela Media. | Bepalings en voorwaardes | Privaatheidsbeleid | Koekies | Handleiding vir toegang tot inligting

Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging.

DMCA PROTECTED